

# DIE OUDSTE PSALMBOEK IN SUID-AFRIKA?

**D**IE alleroudste berymings in die Nederlandse Gereformeerde kerke is (a) die *Souterliedekens* van Willem van Zuylen van Nyeveld, (b) die beryming van Jan Utenhove en (c) dié van Lucas de Heere (37 psalms). Toe het Petrus Datheen gekom met sy beryming, wat in Heidelberg uitgegee is in 1566. Dit het ingesluit die 150 Psalms, die Tien Gebooe, die lofsange van Sagarias, Maria en Simeon, asook die Twaalf Artikels, die Gebed van die Here en die gebed voor die predikasie, met die kategismus en liturgie agter-in. Dit was dus die eerste volledige Psalmboek, en dit het gou die ander berymings verdring. Van hierdie Psalmboek is nog eksemplare in Suid-Afrika te vind. Dit was ook die boek waaruit die eerste volksplanters in Suid-Afrika gesing het. Daar was baie gebreke in, maar dit was geskryf in die taal wat die mense verstaan het en waaruit die mense gelowig kon sing. Die Weselse Konvent 1568 het Datheen se beryming aangeneem en dit die offisiële Psalmboek van die Kerk in Nederland gemaak. Ander berymings het verskyn en Sinodes het besluite geneem, maar Datheen se boek het gebly tot diep in die agtiende eeu, en word nou nog gebruik, hoewel nie meer in Suid-Afrika nie.

Mettertyd het daar behoefte ontstaan aan 'n beter beryming. Op die Friese Sinode (1701) hoor ons die eerste stemme vir 'n nuwe beryming. 'n Halwe eeu later word daar ernstig gepraat en geskryf ten gunste van 'n nuwe beryming. Daar kon egter nie eenstemmigheid verkry word nie. Datheen was nog te sterk. 'n Ander tional jare moes verloop voordat dit tot 'n vaste besluit kon kom. En hierdie besluit was om uit die drie bestaande berymings 'n keuse te maak. Die staat het ook bygesprong en 'n kommissie, bestaande uit 'n verteenwoordiger uit elke provinsie, opdrag gegee om uit die drie berymings een boek saam te stel. Die bedoelde berymings was (a) dié van Hendrik Ghijsen: *Den hoonig-graader psalmdichten* — toe al byna 'n eeu oud; (b) dié van die genootskap: *Laus Deo, Salus Papulo* en (c) dié van Johannes Eusebius Voet. Die kommissie het, na 121 vergaderings, op 19 Julie 1773 sy taak voltooi. Twee jaar daarna was die nuwe beryming in gebruik, en voor in die ou Psalmboek wat hier voor my ooplê staan geskryf:

„Dit boek hoort toe

J. KRUGER

Den 1 Januarij Ao 1783.”

Kruger het dus tien jaar na die kommissie klaargekom het met die beryming en net ag jaar nadat dit in Nederland in gebruik geneem is, sy naam daarin geskryf. Hierdie Johannes Kruger is gedoop, volgens die ou Kaapse Registers, op 21 Julie 1715 en moet dus 'n man van diep in die sestig gewees het toe hy die boek in hande gekry het en sy naam so mooi netjies daarin kon skryf. Hy was getroud met Helena

DEUR D. GERBRAND VENTER.

Catharina Beck en is later weer getroud met Maria Claudina Jordaan. Hul derde kind, Helena Catharina, gedoop op 15 Maart 1750, was getroud met Eduard Christiaan Hauman en later met Pieter Roux. Hierdie Pieter Roux het die boek gekry of geërf en sy naam pragtig in drukletters van 'n halfduim groot

ingeteken, met onderaan „Anno 1793”. So het die boek in die familie gebly tot vandag toe.

Of daar in daardie ou tyd binne ag jaar 'n tweede druk gelewer is, weet ons nie. Tog al is die ou boek dan nie van die eerste druk nie, kan 'n mens veilig aanneem dat dit van die tweede is. My lyk dit meer

waarskynlik dat dit nog van die eerste en oudste druk is.

Op die titelblad — waarop 'n grootvader geskryf het: „Diegene die later na mij dit boek krijgt zullen weldoen dezelve in waarde te houden wegens de oudheid er van” — is te sien 'n prentjie wat Dawid met sy harp moet voorstel. Bo-aan staan:

DE CL

PSALMEN DAVIDS.

Geheel op Musijck-Noten

Uit drie Berijmingen,

In den jaare 1773

gekoren.

Onder aan die prentjie is die linker kantse helfte van die blad afgeskeur, op die regterhandse stukkie is te lees:

-RDAM.

-DER PUTTE. Papier -en

-in de Lootsman 1774.

Die boek is pragtig bewaar gebly. Voor is wel 'n deel van die Psalms weg, maar agter-in is alles bewaar. Die boek is  $7\frac{3}{4} \times 6\frac{1}{2}$  duim groot en bevat die 150 Psalms en enige gesange, bestaande uit „De Tien Geboden des Heeren,” „De Lofzang van Maria,” „De Lofzang van Simeon,” „Het Gebed des Heeren,” „De eerste berijming van die XII Artikelen des Geloofs,” „De Tweede berijming van de XII Artikelen des Geloofs,” „Bedezaang voor de Predikatie,” „Morgenzang,” „Bedezaang voor het eeten,” „Dankzang na het eeten,” „Avondzang”. Dan volg: „Aanwijzing van eenige Psalmen, die bij bijzondere gelegenheden bij het verklaaren van de christelijke leere kunnen gezongen worden.” Ook is daar 'n „Lijst van alle Psalmen naar den rang van 't A.B.C.” Die allerlaaste in die boek is 'n „Tafel van de Psalmen die men zingt op eenerlei wijze.” Daar is nie 'n kategismus of enige ander Belijdenisskrif of liturgie in nie, tensy dit verlore gegaan het. Maar dit lyk my nie so nie.

Die boek is so ingerig (dat bo aan in die middel van die bladsy die nommer van die Psalm aangegee is in swaar swart drukletters en syfers, terwyl dit in die linker- en regterhoek van die twee bladsye in gewone letter en syfer aangedul word. By die begin van elke psalm word 'n kort inhoud daarvan gegee. Al die eerste versies en daarna die beginverse na die pouses het ook die lettertjie wat die naam van die B-duur- of B-molnote aangee net langs die noot. Op die rand word die teks van die Psalm uit die Statenvertaling gevind.

Dat die boek nie gebere gelê het nie, blyk genoegsaam uit die vatmerke by Psalms soos 77, 79, 84, 116, 118, 130, 139, 142 en andere. Hy is gebruik... en was seker menigmaal die bron van troos vir die ou vaders en moeders wat dit in besit gehad het gedurende die eeu en 'n half van die boek se bestaan in Suid-Afrika. Is dit die oudste Hollandse Psalmboek in Suid-Afrika?

## DIE „BIRKENHEAD”

DEUR „MAGISTER.”



Die rots waarteen die *Birkenhead* gevaar het, word aangedui deur die brekende brander (x).

„**W**AT is waarheid?” het Pilatus gevra. As ek vandag terugkyk op die „geskiedenis” van my skooldae, dan vra ek myself ook af: Wat is waarheid in *ons eie geskiedenis*? — om van *algemene geskiedenis* nie eens te praat nie!

Neem nou die vergaan van die *Birkenhead* op 24 Februarie 1852. In my verbeelding is die omvang en die afgrysklikheid van die ramp nog altyd oorskadu gewees deur die weergalose dapperheid en die tug van die troepe aan boord. „Eers die vrouens en kinders!” Volmaakte orde, totdat vrouens en kinders gered is. Sien daar die voorstelling.

Nou die werklikheid. Wel, daar dreig 'n ontugtering, as nl. die verhaal van 'n ooggetuie in hoofsaak waar moet wees. Nie dat daar met die gedrag van die troepe fout gevind kan word nie, maar die ooggetuie se mening was beslis dat daar onvergeeflike flaters begaan is.

„Al die mense kon gered gewees het,” aldus die ooggetuie, wyle mnr. G — van Gansbaai, wat eers in Januarie 1934 oorlede is. „Die see was kalm, die land nie ver nie en die skip het baie lank geneem om te sink.” Dit is sowat 'n opsomming van die gebeurtenis deur die ooggetuie.

Ou mnr. G — het destyds gewoon in Stanfordbaai. Vroeg op die oggend van die ramp het hy en 'n vriend van Uikraal se mond af ge-

kom, al langs die strand. Die eerste aanduiding van die ontsettende ramp was 'n perd wat hulle in die branders gewaar het. Die perd het uitgeswem en hulle het hom gevang. 'n Entjie verder het hulle 'n soldaat teëgekom. Hy het verklaar dat dit sy perd was. Hy het op die perd gesit, maar 'n brander het hom afgeslaan.

Tussen hakies: baie perde het by Stanfordbaai uitgekom, waarheen die stroom hulle gevoer het.

Volgens die verteller het die skip in die donker gestamp en op die rots bly lê. Toe dit lig word, is bevel gegee om agteruit te stoom om die skip van die rots af te kry. Dit het geluk, maar die sink van die skip is daardeur op noodlottige wyse verhaas. Die losmaak van die perde is nie behoorlik uitgevoer nie; daar was verwarring en baie mense is deur die perde onder die pote vertrap. Haaie? Daar was „miljoene!” Die see was letterlik rooi van die bloed. Baie mense het in verminkte toestand nog land-toe gesukkel. Die skip het lank met die neus bo water regop gestaan. Boop het 'n digte drom drenkelinge saamgepak en vasgeklou tot die bitter einde. Van die bote het sommige omgeslaan omdat te veel drenkelinge daarin geklim het. As die vissers van Stanfordbaai met hul twee skuitjies op die toneel was, sou hulle al die mense gered het.

(Vervolg op bladsy 65.)